So snoer jy die manne se monde op die jagveld

Margaret Botha

Waarom manlike kliënte dikwels 'n frons van verbasing op die voorkop kry wanneer hulle met my, 'n vroulike beroepsjagter, kennis maak, gaan my verstand te bowe. Terselfdertyd laat daardie fronse my glimlag. Nog meer so wanneer die manne mekaar begin vorentoe stoot oor wie eerste moet jag. Dit is bloot net omdat hulle my nie ken nie. Ek weet ook dat daardie fronse ná die eerste dag in die veld sal verdwyn – en daarmee saam hul vooroordeel oor 'n vroulike PH.

As vroulike beroepsjagter word my kennis (en vermoë) gereeld bevraagteken – veral deur mans. Dit is dikwels interessant om die reaksie van manlike kliënte te sien wanneer hulle by die plaas opdaag en hulle hulle teen 'n vroulike beroepsjagter vasloop. Veral daardie mans wat dink ek is die plaasboer se vrou of werk in die lodge.

Die sports begin gewoonlik die volgende oggend – die oggend van die jag – wanneer ek opdaag by die kamp of lodge waar kliënte tuisgaan, en ek klim uit my bakkie, gekleed in jagklere en met skietstokke en *"back-up"* geweer. En wanneer ek nader stap, groet en hulle begin aanjaag met: "Kom, manne, die son trek water! Besluit wie wil jag en kom klim," moet jy hul gesigte sien!

Nou, as 'n vroulike beroepsjagter jag ek, net soos enige ander professionele jagter, die spesifieke spesie wat die kliënt graag wil skiet. My werk is om die dier te vind en seker te maak die kliënt kry dit waarvoor hy gevra het. Ek maak ook seker die kliënt kwes nie sy bok nie, en as dit wel gebeur, doen ek alles in my vermoë om die dier te vind. Ek bring die persoon so na as moontlik aan die bok en help hom of haar om in posisie te kom vir daai perfekte skoot. Deur te verseker dat die kliënt my elke voetspoor volg in die *stalk*, kry die persoon ook persoonlike ondervinding van die jag.

Ek ken en verstaan die terrein. Onthou, ons jag dieselfde gebiede oor en oor. Byvoorbeeld, as 'n dier op 'n moeilike plek staan, is die kanse goed dat ek al voorheen 'n fout gemaak het toe ek 'n ander bok in daardie gebied bekruip het. Dus, ek kies 'n ander plek waarvandaan ons 'n goeie skoot kan skiet.

Vrou ofte nie, ek doen my werk baie professioneel – net soos enige manlike professionele jagter. Ek behandel my kliënte met respek en werk hard om hul keuse onder skoot te kry. Daarom bekruip ek die bok tot op die naaste skoot moontlik. Hoe nader jy kan kom, hoe kleiner is die kanse van 'n kwesbok.

In 'n brief van een van my manlike kliënte, Leon, vertel hy van sy ervaring met my as sy beroepsjagter. Ek deel dit graag met julle. Die opskrif van die brief is: *My jagekspedisie saam met Margaret Botha, Beroepsjagter.* Hy skryf:

"Soos ons volbloed-boere maar is, is 'n jagnaweek net eenvoudig deel van jou jaarprogram – al is dit net om 'n boer

te gaan help om van sy jakkals- of vlakvark-'probleem' ontslae te raak (want jy is mos nie meer 'n grootwildjagter nie.) O, moet tog ook nie vergeet nie, jy het nie genoeg tyd gehad om te gaan oefen en jou geweer in te skiet nie. Maar vir ten minste een naweek per jaar moet 'n mens die tyd inruim om weer met Moeder Natuur te *'bond'*. Boonop is dit ewe belangrik om 'n bietjie rustig saam met die ou vriende en die familie te kuier. Ons kom gedurende die jaar mos nie gereeld genoeg bymekaar nie.

"Wel, ek het toe my program so gereël dat ek ná 14 jaar weer saam met die nefies, oupa en pelle 'n jagtog kon onderneem. Diep in my kas het ek my *'camo'*-baadjie gekry, maar van my ander *'camos'* was daar geen spoor nie. Ek het net begin knorrig raak en my vrou vertel dat iemand my goed gesteel het, toe sy my herinner aan die boks buite in die stoor. Ja-nee, daar kry ek toe my nuwe *'camo'*-broek, -hemp en -T-hemp!

"Vroegoggend twee dae later is alles in die bakkie: vuurmaakhout, Blitz, tas met sonbrandroom, lang onderbroeke, muskietgoed, handskoene en (dankie aan my vrou) my gerieflike Hi-Tech-stapskoene. Ná so 'n uur of twee se ry in die donker kry ons van die ander manne by die 1-Stop en toe is dit vort jagkamp toe.

"Daar aangekom en af- en weggepak, ontmoet ons vir Margaret, 'n vroulike PH (kan jy dit oorvertel) wat ons *'brief'* en toespreek oor wapenveiligheid. Ek raak kriewelrig, want wat weet 'n vroumens? My magtig man, ek was twee jaar in die Weermag, waarvan agt maande grensdiens was. Ek ken van patrollies stap. Ek het die foto's! Waar gaan die wêreld heen? het ek stilweg gedink.

"Ons het die eerste middag net gaan 'inskiet'. Eisj, die een ou moes sy geweer iewers gestamp het, en die ander ou kan nie verstaan wat met sy ammunisie gebeur het nie. Dis die groepering wat die probleem is. Omdat ek al ver oor 50 is, het die nuwe bril die skuld gekry.

"Ons gewere reg, het ons die aand lekker kos gemaak, gekuier, grappe vertel en heerlik gelag. Ai, man, dis mos die lewe dié. Almal is in skietgroepe ingedeel sodat ons geweet het wie die volgende oggend saam met wie gaan ry. Ons het ook die pryslys bestudeer en ek het my oorspronklike lysie maar heelwat afgeskaal. Ek het ook gesê dat ek in elk geval nie so baie vleis in die vrieskas kan kry om biltong te maak nie.

"Die volgende oggend was ek nog lekker in droomland toe die opdrag kom: 'Klim!' Ek het behoorlik uit die bed gevlieg, my tas oopgepluk en in my klere ingespring. Die inspring was maklik, maar toe dit by die vasmaakslag kom, was dit 'n gesukkel. Hoe het die bliksemse goed so verskriklik gekrimp? In die bakkie sukkel ek nog om van die goed vas te kry, net om uiteindelik van die klere te los. Gelukkig het my skoonpa en 'n nefie (topskut van die naweek) ook truie saamgebring. Die een het ek kon aansukkel en die ander een het ek oor my bene en maag gegooi.

"Daardie eerste dag het ek nie geskiet nie. Die middag het ek maar ge-'wollenteer' om vuur en kos vir almal te maak terwyl die res van die manne gaan jag het.

My jagdag

"Om verskeie 'praktiese redes' (vervoer, grootte in visier, rand /kilogram, ens) het ek besluit om net 'n eland te skiet. Met dié keuse was die geluk aan my kant. Margaret het juis genoem dat daar baie elande is en dat hulle ook redelik mak was.

"Ná 'n ruk se rondry, kom ons op 'n trop af. Hulle was so 400 m agter 'n bos, dus kon ons baie nader kom. Margaret sê sy kom saam met my en sy vat haar geweer saam. So in my agterkop reken ek: 'Sy dink seker daar's leeus of tiers op die plaas.' Ná so 100 m se stap gaan Margaret in *'n 'stealth mode'* in. Sy sê ek moet nader aan haar beweeg sodat ons nie 'n te groot profiel maak nie. So 50 m verder sê sy ek moet nog nader. Magtig, dink ek, wil sy nou hê ek moet haar sjampoe se *'label'* op haar hare lees? Na nog so 50 m sê sy ons moet afsak en deur die bosse begin luiperdkruip. Dit is toe dat die moeilikheid begin. Ek ken van '*dash*, down, *crawl*, *aim, fire'*, maar 50 m se 'leopard crawl'!?

"Ná daai 50 m is ek voos – *'paraletic'* is dalk 'n meer gepaste beskrywing. Trouens, so moeg en ongemaklik dat die Vroumens-PH my begin jammer kry. Toe sy sien daar is elandmis in my pad wat my verhinder om verder te luiperdkruip, het sy doodgewoon, en sonder om te blik of te bloos, die mis met haar hand uit die pad gevee! Dit was die eerste keer in my lewe dat 'n vrou die poef uit my pad gevee of gerol het.

"En toe uiteindelik … daar staan die elande! Mooi, oop, groot en nie te ver nie. Margaret wys die eland uit wat ek moet skiet. Ek lê aan en trek die skoot af. Die elande bly doodstil staan en die een waarna ek gemik het, begin weer rustig wei. Margaret sê die skoot was bo-oor. Ek moet weer probeer en net rustig wees. Sy kyk deur haar verkyker en wag op die impakskoot ... wat nie kom nie. Ná 'n tydjie draai sy na my en vra: 'Hoekom skiet jy nie?' Dis toe 'n kwessie van berge val op my en heuwels bedek my. Ek moet vir my vroulike PH sê: 'Ek het nie nog patrone saamgebring nie!'

"Dame wat sy is, bied Margaret haar geweer vir my aan. Met 'n gesukkel kry ek myself in 'n knielposisie, lê aan en trek

die skoot af. En die Dame sê: 'Mooi, 'n perfekte skoot'. Die foto's word geneem en die eland gelaai. Maar as ek gedink het dit was die einde van die verhaal, het ek dit mis gehad.

"'n Wattsapp kom deur dat een van die ander groepe 'n koedoe gekwes het. Margaret vra of ek en my vriend sal help. Ons moet 2 km na 'n windpomp toe stap, opklim en uitkyk terwyl hulle die spoor vat. Man, so 400 m later kom my skoen se sool los. Jip, die gom het verouder omdat die skoene so lank gestaan het. Gelukkig was daar 'n stuk draad by die windpomp waarmee ek die sool kon vasmaak. Draad en 'n tang en 'n boer maak 'n plan, lui die spreekwoord.

"Ek gaan liefs geen kommentaar lewer op die gesprekke daardie aand om die vuur nie – behalwe om te sê: Dankie, Margaret, dat jy woord gehou het oor my skietery.

"Die hele episode het my laat besef dat ek eintlik niks van jag af weet nie, en dat jy nooit Margaret se kennis moet bevraagteken nie. Jy kan dalk net in dieselfde situasie as ek beland.

"Hierdie storie sal ek beslis eendag vir my kinders en kleinkinders vertel – van die vroulike PH wat my op die jagveld uit die nood (verleentheid) gehelp het.

"Mooi dag en lekker jag. Leon."

Legally Armed, in association with Martin & Visser Attorneys Est. 2004

ARE YOU A SPORT SHOOTER, HUNTER, GAME-FARM OWNER, PROFESSIONAL HUNTER, OWNER OF A SECURITY COMPANY OR AN ATTORNEY?

LEGALLY ARMED CAN HELP YOU!

LEGALLY ARMED
YOUR LICENCE IN OUR SIGHTS
U LISENSIE IN ONS VISIER

MARTIN VISSER INCORPORATED
ATTORNEYS • PROKUREURS

MOTIVATIONS FOR:
• Any type of firearm licence
• Accreditations for businesses
• Specialising in estate firearms
• Import/export of firearms
• Renewals • Appeals
...and much more!

Franchises Available in the Following Areas:
Port Edward • Witbank • Nelspruit • Springbok • Klerksdorp • Rustenburg • Vryburg • Aliwal North • Grahamstown • Graaff-Reinet • Jeffreys Bay • George

Offices Countrywide. Over 40 000 Satisfied Clients!

Preferred service provider for: AfriForum

Johan Martin | 083 391 8180 johanmartin@legallyarmed.co.za www.legallyarmed.co.za